Die Voortrekkers

25 Januarie 2018

Beste voortrekkervriende,

Baie welkom aan die bekendes na die welverdiende ruskansie en ‘n spesiale woord van verwelkoming aan al ons nuwelinge!.

By die Dagbesture Bosberaad van November 2017 en die Voriesaamtrek in Januarie 2018 net voor die skole begin het, het ons ‘n rukkie stilgestaan; en lank gesels oor die uitdagings wat vir Die Voortrekkers (as organisasie) maar ook vir Die Voortrekkers Transvaal voorlê. Ons besef dat veranderinge onvermydelik is, en in die lig van die veranderinge wat reeds plaasgevind het, of kan plaasvind, is die tema vir Transvaal:

Die pad Vorentoe is onder konstruksie...

Met hierdie tema volg ons in die spoor van die nasionale slagspreuk vir Die Voortrekkers vir 2018, naamlik “Voortrekkers Vorentoe” en ons bevestig dat ons ook vorentoe beweeg ongeag van enige veranderinge of uitdagings wat oor ons pad mag kom. “Konstruksie” is nie noodwendig ‘n negatiewe gedagte nie, ons weet om ‘n nuwe pad te teer of te bou, moet die ou pad eers opgebreek en die area gelykgemaak word voor die nuwe teer gegooi word. Die tyd wat daar aan die pad gewerk word, is gewoonlik ongerieflik en lei tot ‘stop en gaan’ aksies; maar as daardie pad eers voltooi is, dan sit ons voet in die hoek.

Hierdie beeld is die pad vir Transvaal in die volgende termyn. Daar is ‘n hele paar areas waar ons gaan herbesin, gesels en waarskynlik verander. Gedurende hierdie tyd sal dit voel of ons stadig beweeg, maar as die ‘konstruksie’ eers voltooi is, dan gaan ons volstoom vorentoe.

Francis Baard str. 990 (Ou Schoeman straat)
Posbus 12924
Hatfield
0028
012 430 3914 (Kantoor)
086 613 9934 (Faks)

transvaal@voortrekkers.org.za
(Finansies, Terreine, Verkenner- en Volwasse sake SAS, PD sake en Bemarking)
admin@voortrekkers.org.za
(Administrasie, Webblaaie, Kennisgewings en SAS,)

https://transvaal.voortrekkers.co.za
www.transvaal.voortrekkers.org.za
www.houkoers.co.za
Twitter: @twittvlvt
Instagram: tvl.vtks

Gebiedsleier: Zandra Machin
Adjunkgebiedsleiers: Elsa Schnetler, Anita Bezuidenhout, Anine Wheeler, Jaco van der Walt, Dirk van den Berg, Tekkies Kotze

Die voortrekkerjaar het in die gebiedskantoor op 4 Januarie afgeskop en die kommando's en oorde se administrasie is volstoom aan die gang! Onthou die gebiedskantoor se kantoorure is as volg:

Maandae, Dinsdae en Donderdae: 08h00-16h00
Woensdae: 10h00-16h00
Vrydae: 08h00-14h00

Kommunikasie is belangrik en daarom kommunikeer ons deur middel van die volgende mediums met mekaar:

- Verskeie portefeulje whatsapp groepe wat verseker dat inligting almal vinniger bereik.
- Kennisgewings word per e-pos via mailchimp uitgestuur alvorens dit ook op sosiale media versprei word. Maak seker dat almal die e-posse ontvang. Indien enige e-pos adres verander óf op die databasis bygevoeg moet word, stel Elsa asseblief onverwyld in kennis.
- Kommunikasie op sosiale media is nie net meer beperk tot Facebook en Twitter nie, maar Instagram word ook gebruik. Die gebied gebruik die Transvaal Facebookgroep (https://www.facebook.com/groups/527878823972197/?ref=group_header) waarop kommando's en oorde plasings doen en uitgenooi word om saam te gesels, terwyl die Transvaal Faceboekbladsy (https://www.facebook.com/tvl.vtks/) slegs vir alle amptelike korrespondensie vanuit die gebiedskantoor is.
- Ons het begin met 'n nuwe verfrissende webblad. Besoek gerus die nuwe Transvaal webblad https://transvaal.voortrekkers.co.za
- Ons gaan nog steeds voort met ons omsendbriewe met belangrike inligting en nuus wat kwartaalliks uitgestuur word.

Dankie vir elkeen wie aktief deelneem in gesprekke op whatsapp en sosiale media. Die hulp en raad word waardeer.

In lyn met ons finansiële pad, is daar nie verhoging in ledegelde vir 2018 nie, maar dit beteken dat ons meer bedag moet wees rakende ons uitgawes en hantering van gelde. Ons gebruik hierdie geleentheid om die finansiële herstrukturering te ondersoek om onder andere te fokus om:

- Voortrekkers bekostigbaar te maak vir alle lede.
- Volhoubare finansiële voortbestaan van die organisasie te verseker.
- Plattelandse gebiede beter finansieël te ondersteun.
- Effektiewe en belynde korporatiewe stelsels en lede-kommunikasie in plek te kry.

Ons gaan speel-speel maar ook met groot toewyding die Voortrekkerloopbaan vir ons jeuglede verder belyn en ontwikkel. Verskeie gebiedsgoedgekeurde aktiwiteite/ -naweke en gebiedskampe word vir hierdie doel beplan. Kyk gerus na die jaarprogram vir meer inligting. Hierdie aktiwiteite moet nie net vaardighede en kennis verbeter nie; maar ook die Voortrekkers as diensbare kultuurleiers in gemeenskappe daarstel. Deurlopend, maar veral in die gemeenskap, wil en moet Die Voortrekkers ‘n tuiskomplek vir gesinne skep en vestig.

Ons sien uit daarna om saam met elke voortrekker ‘n pad vol opwinding te stap!

Die volgende stukkie is ons bede vir hierdie pad:

> Jou Hemelse Vader is besig om ‘n baie kosbare pad met jou te stap. Hierdie is ‘n unieke pad – ‘n spesiale pad.
> Dis net vir jou bedoel. Hy weet presies waarheen Hy met jou op pad is.
> Jy sou nie self hierdie pad gekies het nie, maar Hy het dit vir jou gekies.
> Hy ken jou beter as wat jy jouself ken. Hy ken jou sterk en swak punte.
> Hy ken jou skeppingsdoel en passie. Hy ken ook die toekoms.
> Hy sal jou treetjie vir treetjie lei na jou goddelike bestemming.
> Al wat Hy van jou vra, is dat jy Hom volkome sal vertrou met jou hele lewe.
> Hy is met jou!

Op die Voortrekkerpad van 2018, is ons vertroue in die Here om ons die regte pad te lei en te beskerm.

Groetnis tot ons weer gesels.

Zandra Machin – Gebiedsleier (082 923 5611 – zandra@voortrekkers.org.za)
Elsa Schnetler – AGL Administrasie (082 707 2010 – elsies1@afrihost.co.za / admin@voortrekkers.org.za)
Anita Bezuidenhout – AGL Finansies en Terreine (082 451 1549 – anita.bezuidenhout@vodamail.co.za)
Tekkies Kotze – AGL Bemarking (082 852 6171 – tekkies.kotze@gmail.com)
Anine Wheeler – AGL Penkoppe en Drawwertjies (082 459 7157 – anine.wheeler@sabs.co.za)
Jaco van der Walt – AGL Verkenners (072 312 7722 –jaco.vn.dr.walt@gmail.com)
Dirk van den Berg – AGL Volwassesake (082 418 9467 – vdbergdj@mweb.co.za)
Zandria Jordaan – GSD Staatmakers (083 279 3974 – zandriaj94@gmail.com)